

PARKE-GEMEENTE: TIENER KATEGESSE 2025

Liewe Ouer/s

'n Baie voorspoedige en geseënde 2025 word u toegewens. Ons is baie opgewonde oor 2025 se Kategese. Die jeug kry groot klem in ons gemeente en ons doen veral moeite met die soeke na nuwe en opwindende lesmateriaal vir die hele kategese. Dis belangrik om te besef dat dit gaan oor geloofsvorming in die kategese en nie net die oordra van kopkennis nie. Daarom is ons ook opgewonde om saam met u as 'n span, u kind se geloofspad aan te pak.

Dankie vir u samewerking en positiewe gesindheid. Bid asseblief vir u kind sowel as die persone wat saam met hom/haar die geloofsreis stap. Indien u enige sake wil bespreek, is u welkom om my en/of u kind se kategeet te kontak.

Neem asseblief kennis dat NG Kerk Parke-gemeente se Kategese in 2 afsonderlike groepe gehanteer word. Ons peuter tot graad 6 bediening word deur Babs van Wyk (083 207 6193) gekoördineer en die bediening aan die tieners vanaf graad 7 tot 10, word deur my (Chris) gekoördineer. U navrae kan dus dienooreenkomstig gerig word aan die betrokke koördineerder.

❖ **Kleingroep materiaal:** Hierdie jaar maak ons gebruik van die Inniwoord kategese reeks. Ons is van mening dat ons kinders baie sal baat uit hierdie reeks. Elke kind ontvang 'n stel boekies wat hulle die jaar gaan gebruik sodra ons julle registrasie vorm terug ontvang het. 'n Stel boekies kos R100. Indien u dit nie kan bekostig nie, kan u my persoonlik net daarvan inlig sodat ek 'n stel boekies vir u kind kan reël. Plaas die korrekte bedrag in 'n geseëde koevert met u kind se naam daarop. Indien u 'n kwitansie vereis vir u bydra skryf dan die bewoording "kwitansie" op die koevert. Motiveer asseblief u kind om sy/haar Bybel en 'n skryfding na elke byeenkoms saam te bring.

❖ **Teenwoordigheid:** Dit is belangrik dat u kind(ers) gereeld die Kategese bywoon. Die Kategese ondersteun die wonderlike werk wat u as ouer reeds met u kind by die huis doen in die vorming van sy/haar geloof. Indien dit gebeur dat u kind vanweë onvermydelike omstandighede nie die kleingroep kan bywoon nie, moet u asb skriftelik verskoning maak. U kan selfs 'n e-pos stuur na chris@parke.co.za of SMS/WhatsApp na 084 627 3660.

❖ **Erediensbywoning:** 'n Gesin wat geestelik groei, woon gereeld die eredienste by. Dit is belangrik dat ouers en kinders die eredienste bywoon. Ons het in die skoolkwartale 2 eredienste op 'n Sondag, nl. 09:00 (informeel) en 19:00 (vernuwings). **Aangesien ons aandienste beplan word rondom die behoeftes van tieners, beskou ons die bywoning daarvan deur ons gr7-10 kinders as deel van hul kategese bywoning. Dus is dit belangrik dat u kind 'n erediens sowel as kleingroep op 'n Sondag sal bywoon.**

❖ **Inligtingvorms:** As u 'n inligtingvorm ontvang vra ons dat u al die nodige besonderhede sal invul en so spoedig moontlik terugstuur na die kategese/kerkkantoor. So kan ons u en u kind altyd effektief bedien. Dankie vir u samewerking.

❖ **Kategese indeling vir 2025:** Kinders word volgens hul ouderdom ingedeel. (Bespreek asb. uitsondering met Chris.)

❖ **Tye:** Ons graad 7 tot 10's kom Sondag om 18:00 bymekaar en groepe verdaag om 18:45 waarna kinders die erediens bywoon tot 20:00. Dankie dat ons op u as ouer kan staatmaak in hierdie verband.

❖ **KOMMUNIKASIE:** Ons maak gebruik van WhatsApp om kommunikasie te verbeter tussen u as ouer en die gemeente rondom die kategese. Ons maak gebruik van tegnologie wat ingebou is in "Whatsapp" genaamd "Broadcast lists." Dit is belangrik dat indien u nog nie weekliks 'n boodskap vanaf ons ontvang ivm die tiener kategese en aktiwiteite nie, u asb die volgende selfoon nommer, +27846273660, op u foon as 'n "contact" sal stoor. Sodra u dit gedoen het, stuur asb 'n WhatsApp na daardie nommer met u naam&van sowel as u kind se naam en graad. Byvoorbate dankie vir u samewerking hiermee.

Vir navrae kontak:

Chris Groenewald (Jeugwerker) / 021 988 5340 (werk) / 084 627 3660 (sel) / chris@parke.co.za (epos)